Leipie Nuus

9-18 JANUARIE 2019

Nommer 1/2019

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Wo 9 Januarie
Atletiek: Aflosuitdunne om 10:00
Seëndiens: Gr R-7 ouers/leerders welkom. 18:00 netbalveld

Do 10 Januarie
Atletiek: Grondslagfase uitdunne – naellope 8:00-10:00
Aflos oefening 10:30-11:30
o/12-o/13 150m, 200m, spiesgooi, diskus uitdunne 14:00-17:00

Vry 11 Januarie
Atletiek: Huissport vanaf 8:00
Grondslagfase naellope finaal

Ma 14 Januarie
Kerkdiens: Gr 1 om 7:30 NG Kerk Moedergemeente
Inligtingsaand: Gr 1 vanaf 18:00-19:00
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Atletiek: Oefening soos op program

Di 15 Januarie
Inligtingsaand: Gr 2 om 17:30, Gr 3 om 18:00
Atletiek: Oefening soos op program

Wo 16 Januarie
Inligtingsessie: Gr 5-7 om 17:30, Gr 4 om 18:00
Atletiek: Oefening soos op program

Do 17 Januarie
Atletiek: Tuisbyeenkoms om 14:30

Vry 18 Januarie
Leierskamp: Zwartkloof – vertrek 9:00

UIT DIE KANTOOR:
Verwelkoming: 2019
Baie welkom aan elke Leipie en hulle ouers. Sommige van ons is al lankal deel van die skool en sy mense en vir ander is dit die begin van 'n nuwe seisoen. Ons glo dat julle 'n geseënde Kerstyd gehad het saam met spesiale mense en dat almal uitgerus is vir die nuwe jaar!
Ons het 2018 afgesluit na 'n besige feesjaar waarin die skool sy 70ste bestaansjaar gevier het en sal die jaar onthou as hoogtepunt in ons geskiedenis. Die nuwe jaar is vir ons kans om diep asem te haal, te fokus op die positiewe en voort te gaan met dit wat ons skool so uniek maak. Ons gee om vir mekaar, werk en speel ewe hard en weet waar ons krag vandaan kom. Kom ons maak dit 'n jaar waar ons elke dag ons seëninge tel, doen wat ons moet doen om suksesvol te wees en mekaar dra in lekker en moeilike tye.
Dis wat Leipie wees beteken.
As bestuur is ons gereed vir nuwe geleenthede, uitdagings en ondersteuning van personeel en ouers. Ons verwelkom altyd terugvoer, positiewe insette en voorstelle. Ons herinner ons ouers ook net weer daaraan dat sekuriteit en veiligheid van ons kinders prioriteit is en daarom pas ons streng toegangbeheer en toesig by die verskillende hekke toe.
Voor skool:
Personeel is by elke hek aan diens van 07h00 in die oggend.
Personeel doen terreindiens in die oggend van 07h15 tot 07h30.
Hekke word 7h30 gesluit en toegang daarna is slegs by die hoofhek in Pretoriuslaan.
Na skool:
Gr R en Gr 1 hekke word 13h50 gesluit.
Daarna is slegs die hoofhek oop.

Voorspoed en seën vir elkeen.
Leipie groete
Pieter Ferreira

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Matriekuitslae: Baie geluk ook aan alle oud Leipies met mooi uitslae. H/s Centurion spog met 'n 100% slaagsyfer.
Die volgende oud Leipies van H/s Centurion behaal 4 of meer onderskeidings:
4 onderskeidings: Britney Seegers, Bianca Louw, Kaleb Bruwer, Bianca Coetzee, Fanie Fourie, Hundson J v Rensburg, Charné Liebenberg.
5 onderskeidings: Carl Wortman, Morné Wehmeyer, Jolandi Nel, Zander Louw, Siobhan Ferreira.
6 onderskeidings: Paul Wepener, Erika Bos, Lauren Cajada, Kayla le Roux, Rievan Lombard.
7 onderskeidings: Anneke Langer, Lissette v Niekerk, Corné Snyman, Nicola J v Rensburg.

Cherise v/d Westhuizen oud Leipie van H/s Eldoraigne behaal 6 onderskeidings.

LEIPIE EREKODE:
Leipie erekode word aan alle leerders uitgedeel. Alle Leipies en ouers moet die Leipie erekode in die dagboek asook op die aparte vorm invul, teken en terugstuur skool toe. Die aparte vorm word benodig deur die dissiplinehoof.

INDIVIDUELE FOTO'S:
Alle leerders word op **23 Januarie** afgeneem vir skoolrekord doeleindes. U ontvang 'n sakkie met 'n voorbeeld van die foto asook elektroniese fotokode, **gebruik asb die unieke fotokode van u eie kind.** U is nie verplig om foto's te koop nie. Alle betalings word direk aan fotograwe betaal. Asb **GEEN** betaling in die skool se rekening nie.

BELANGRIKE DATUMS:
11 Januarie: Atletiek – Huissport
14 Januarie: Gr 1 kerkdiens
17 Januarie: Atletiek – Tuisbyeenkoms
18-20 Januarie: Leierskamp te Zwartkloof
23 Januarie: Individuele foto's word geneem
24 Januarie: Atletiek - L/s Rooihuiskraal (weg)
26 Januarie: Atletiek – Top 20 te Ruimsig
31 Januarie: Atletiek – L/s Wierdapark (weg)

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat
(skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)
Ons verkoop skoolrokke, skibroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde & die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae 13:30 tot 17:30

Vir enige navrae skakel Berthie van Genderen - 073 147 5705

ATLETIEK OEFENPROGRAM: (Oefening begin 14 Januarie)

OEFENTYE - MAANDAG, DINSDAG, DONDERDAG

NB!! Aflosatlete moet by die naellope uitkom sodat daar aan wegspring en oorgee's geoefen kan word.

TYE	HEKKIES	NAELLOPE
14:00 – 14:30	0/10 & 0/11	0/12 & 0/13
14:30 – 15:00	0/12 & 0/13	0/10 & 0/11

MIDDELAFSTANDE : 14:00 – 15:00
JUNIOR NAELLOPE: 14:00 – 14:30

TYE	VERSPRING	GEWIGSTOOT	HOOGSPRING
14:30 – 15:00	0/10	0/11	0/12 & 0/13
15:00 – 15:30	0/11	0/12 & 0/13	0/10
15:30 – 16:00	0/12 & 0/13	0/10	0/11

OEFENTYE - WOENSDAG

TYE	DISKUS	SPIESGOOI
14:00 – 14:45	0/12	0/13
14:50 – 15:35	0/13	0/12

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

NUWE PERSONEEL/INTERNE STUDENTE:
Baie welkom aan die volgende personeel:
Me Suzaan Piater aangestel as berader, Me Celiaan Wilkens tydelik in Me Annerie J v Rensburg se pos, Me Zanel de Bruyn tydelik in Me Anita Dique se pos.
Die volgende personeel is reeds by die skool maar aangestel in ander poste: Me Sarie v/d Merwe in Me Christelle Muller se plek, Me Belinda Lamprecht in Me Sarie v/d Merwe se pos.
Welkom ook aan nuwe interne studente:
Me Alicia v Niekerk, Marilé Nel, Jolandi Nel, Clarice Miles en Diana Clark. Ons hoop julle is baie gelukkig by L/s Louis Leipoldt en sterkte met jul studies.

ATKV REDENAARSTEMAS 2019:
Gr 1-3: maniere, droom, jok.
Gr 4-5: spaar, kuns, frons.
Gr 6-7: vrees, dink, dans.
Maak asb seker dat u betyds begin met die skryf van toesprake. Riglyne vir die skryf van 'n toespraak is verkrygbaar by Me Snyman.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za, debiteure@louisleipoldt.co.za **10% korting** vir skoolgeld wat teen **1 Maart** ten volle vereffen word.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER